**Geleentheidsrede**

# Is daar 'n "nuwe Afrikaner" vir die "nuwe Suid-Afrika"?

## Toespraak by die Algemene Jaarkongres van die FAK 21 September 2007, Potchefstroom

Theuns Eloff
Visekanselier
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: 12565881@nwu.ac.za

## 1. Inleiding

Geagte voorsitter, eregaste, dis vir my 'n besondere voorreg om hier op te tree.

"Besonder" omdat ek in my lewe 'n sekere pad geloop het ... beginnende in Potchefstroom, deur 'n predikantsbediening in Pretoria, deur Dakar, deur die vredesproses en die grondwetlike onderhandelings by Kemptonpark, deur Besigheid teen Misdaad, deur die Besigheidstrust, deur 'n moeilike samesmelting tussen twee baie uiteenlopende universiteite. En tydens 'n groot deel van hierdie lewenspad was ek nie in tel by die groot meerderheid van my taalgenote nie – om dit sagkens te stel! En tog is ek vanaand hier – en nie omdat dit die voorwaarde was om die jaarkongres hier te hou nie!

Hoe dit ook al sy, ek wil nie vanaand oor een of ander spesifieke aktuele kwessie (soos moedertaalonderrig of plekname) praat nie. Daar is deesdae baie stereotipes van Afrikaners en Afrikaanses. 'n Rukkie gelede het die *Mail & Guardian* my gevra om 'n artikel te skryf – na aanleiding van die sms'e deur die groep Suidlanders oor

Madiba se dood en die ophef wat van die Delarey-liedjie gemaak is – en uitsluitsel te gee of ’n gewelddadige opstand deur Afrikaners aan die kom is. Nou ja, u kan dink ...

Daarom wil ek u nooi om saam met my in ’n spieël na onsself te kyk. Hoe lyk die Afrikaanse gemeenskap in 2007? En wat ons ook al sien, watter betekenis het dit vir 2010 en 2020? En vir more?

## 2. Hoe lyk die Afrikaanse gemeenskap na dertien jaar in (die nie meer so nuwe) Suid-Afrika?

Ek gaan nie in die semantiek van *Afrikaners* en *Afrikaanses* of die *Boere* (met ’n hoofletter) verval nie. Wat my betref moet daar ruimte vir albei eersgenoemde terme wees, as twee kante van dieselfde munt. Vir die doel van vanaand sal ek *Afrikaners* gebruik, bloot omdat dit die analise ietwat eenvoudiger maak. Maar selfs dan is dit nie maklik om *die Afrikaner* in 2007 te beskryf nie. Daarvoor is die groep te divers en ’n mens moet daarteen waak om die Afrikaner “antiteties” te beskryf; dit waarteen hy/sy is, eerder as dit waarvoor hy/sy staan.

Dit het miskien tyd geword vir ’n “nuwe” tipering van Afrikaners. “Verlig en verkramp”, “links en regs”, “liberaal en konserwatief” werk gewoon nie meer nie – dit is te eendimensioneel en behoort tot ’n vroeëre era. Selfs in die VSA en Brittanje het sulke tiperings betekenis verloor.

Maar wat gebruik ’n mens? Een moontlikheid is “inklusiewes en eksklusiewes”. Hulle wat inklusief dink en niemand uitsluit nie en hulle wat eksklusief dink en die groep suiwer en klein hou. Onlangs tydens ’n radioprogram sê ’n inbeller dat hy glad nie ten gunste van hierdie “versoeningsding” is nie: “Ek skakel nie eers met wit persone buite my eie geloof nie, wat nog swart persone ...”

Of miskien moet ’n mens met ’n histories perspektief kyk en van “vorentoe-kykers” en “terugkykers” en “afkykers” praat. Of dalk gewoon van “nuwe Afrikaners” en “ou Afrikaners.” Wat is dan die onderskeidende kenmerk, die sjibbolet? – en dan nie ’n negatiewe kenmerk nie:

- Taal is in hierdie verband geen onderskeidende faktor as sodanig nie (met die moontlike uitsondering van die sogenaamde “taalbulle”).

- Lidmaatskap van ’n politieke party is nie meer ’n onderskeidende faktor nie: daar is bloot te min Afrikaners wat aan politieke partye behoort.
- Lidmaatskap van kultuurverenigings werk ook nie meer nie, want daar is eweneens te min wat daaraan behoort.
- Kerklidmaatskap het ook lankal (gelukkig!) as onderskeidende kenmerk verval.
- Die mate van rasbewustheid is ’n praktiese moontlikheid, maar dit is prinsipieel problematies en polities en in terme van ons menseregtekultuur onaanvaarbaar.

My keuse val op twee faktore:

Aan die een kant ’n mens se siening van en waardering vir taal en kultuur (ruimte vir diversiteit), en aan die ander kant die houding en gesindheid teenoor die nuwe (demokratiese) Suid-Afrika (die noodsaaklikheid van eenheid).

## 3. ’n Matriks van die Afrikaanse gemeenskap

Wanneer ’n mens hierdie twee sake in ’n matriksvorm plaas, met “geesdrif vir die nuwe Suid-Afrika” op die horisontale as, gemeet van laag na hoog; en die kultuur- en taalbewustheid op die vertikale as, ook gemeet van laag na hoog, kry ’n mens vier soorte Afrikaners.

- Dié wat sterk voel oor taal- en kultuur maar nie geesdriftig is oor die nuwe Suid-Afrika nie. Diesulkes bied gewoonlik aktief weerstand teen die nuwe Suid-Afrika (’n klein minderheid sal selfs geweld gebruik), en hulle het ook gewoonlik ’n uitsluitende en eksklusiewe siening van die (vir hulle wit) Afrikaners. Hulle sluit selfs ander (volgens hulle, linkse) Afrikaners by hulle definisie uit. Hulle behoort waarskynlik nie aan ’n tradisionele politieke party nie. Kom ons noem hulle die “eksklusief weerstandiges”.
- In die tweede plek is daar dié wat nie sterk voel oor taal en kultuur nie, en ook nie verskriklik geesdriftig is oor die nuwe Suid-Afrika nie. Hulle bevind hulle gewoonlik in ’n hoë inkomstegroep en aanvaar geredelik die voordele wat die ekonomiese beleidsrigtings van die regering vir hulle bewerk het. Hulle stuur hulle kinders na Engelse skole (“ter wille van hulle toekoms, jy weet”) en dink heimlik dat dit net ’n kwessie van tyd is voordat die land ten gronde gaan (“kyk maar wat gebeur in Zimbabwe”, sal hulle sê) en dan sal hulle waarskynlik hulle paspoorte gebruik. Hulle

behoort waarskynlik ook nie aan ’n politieke party nie. Kom ons noem hulle “passiewe weerstandiges”.

- In die derde groep vind ’n mens daardie Afrikaners wat nie baie sterk voel oor taal en kultuur nie, maar sterk voel oor die nuwe Suid-Afrika. Hulle voel sterk oor versoening en dalk ’n bietjie skuldig dat hulle nie sterk genoeg teen apartheid was nie. Hulle wil egter nou hulle deel doen en voel dat ’n oorbeklemtoning van taal en kultuur dalk die broodnodige eenheid en versoening kan beduiwel. Hulle is geneig om ’n bietjie polities korrek op te tree. Hulle mag dalk aan ’n politieke party behoort en sommige mag dalk vir die DA stem – of selfs die ANC. Kom ons noem hulle die “inklusiewe bevorderaars”.
- Die vierde groep is dié wat oor sowel taal en kultuur as die nuwe Suid-Afrika sterk voel. Hulle het die konsep van die nuwe Suid-Afrika en ’n demokratiese en menseregtebedeling aanvaar, maar is krities oor hoe die land regeer word en hoe minderheidsregte verwaarloos word. Hulle sal die Grondwet aktief gebruik om ’n beter bedeling vir mede-Afrikaners en ander minderheidsgroepe te bewerkstellig. Hulle mag dalk aan ’n politieke party behoort, maar dit is nie die ANC nie! Hulle neig om in beginsel polities onkorrek op te tree, net om ’n punt te maak, en hulle houding kom die naaste aan wat Van Wyk Louw “krities-solidêr” genoem het. Kom ons noem hulle “aktiewe bevorderaars”.

Dus gee hierdie matriks vier tiperings:

- Eksklusief-weerstandiges
- Passief-weerstandiges
- Inklusiewe bevorderaars; en
- Aktiewe bevorderaars




Daar is natuurlik, soos met enige tiperings, ook "tussenin groepe". As u uself dus nie presies in een van die bogenoemde tiperings kan vind nie, moenie bekommerd wees nie. Daar is, wat my betref, ook nie net een "regte" groep nie en enige Afrikaansprekende kan hom-/haarself êrens in die matriks vind.

Die belangrikste is dat ek voorstel dat Afrikaners en Afrikaanses hulle tipeer in terme van eenheid (die nuwe Suid-Afrika en ons verbondenheid daaraan) en verskeidenheid (taal en kultuur – in die wydste sin van die woord).

## 4. 'n Verdere analise: watter faktore raak Afrikaners spesifiek?

Maar voordat ek verder gaan, wil ek nog 'n vinnige analise maak. Ten minste sommige van die "Afrikaners" in ons matriks is meestal baie negatief oor alles en nog wat en is van mening dat die meeste van die goed wat in die land verkeerd is, hulle alleen raak. Maar as 'n mens kyk na watter probleme alle Suid-Afrikaners in die land het, kom 'n ander realiteit na vore. Sake soos: misdaad en korrupsie, MIV en VIGS, werkloosheid, armoede, swak dienslewering, omge-

wingsbesoedeling, swak onderwys, outokrasie van politieke leierskap en inmenging in sportsake raak alle Suid-Afrikaners. Selfs iets soos grondhervorming word (weliswaar van verskillende kante af) deur alle Suid-Afrikaners as negatief ervaar.

Om die sirkel dan kleiner te trek, kan 'n mens kyk na die probleme wat wit Suid-Afrikaners alleen en op hulle eie ervaar. Hieronder tel die (onbedoelde) gevolge van regstellende aksie, verlies van historiese wortels en die gevoel van behoort (veral deur die verandering van plekname) en die verlies aan politieke mag en (in 'n minderheid gevalle) ekonomiese mag.

Wat bly oor wat Afrikaners (en die breër groep Afrikaanses) alleen en op hulle eie ervaar? Dit lyk vir my net na die verlies aan "taalmag" (*power*); bv. die dalende getal Afrikaanse skole), asook 'n swak implementering van grondhervorming en dan plaasmoorde (meeste boere is Afrikaners). 'n Mens mag wel sê dat Afrikaners die verandering van dorpsname meer emosioneel as ander wit Suid-Afrikaners ervaar.

Die punt is, ek glo nie dat daar 'n kolossale sameswering teen die Afrikaner is nie. Die meeste goed wat in die land verkeerd is, raak alle Suid-Afrikaners, en die meeste goed wat reg is, bevoordeel ook Afrikaners. Ek dink wel dat sommige sake waar daar goeie regeringsbeleid is, nie goed bestuur of toegepas word nie, en dat dit in sommige gevalle onbedoelde gevolge vir veral Afrikaners het.

## 5. Wat beteken dit vir môre, 2010 en 2020?

Wat beteken hierdie twee analises vir die toekoms?

- In die **eerste plek** bied die twee fasette 'n taal- en kultuurbewustheid aan die een kant en verbondenheid aan die nuwe Suid-Afrika aan die ander kant. Dit is 'n nuttige matriks waarbinne vier tiperings gevind kan word om die debat oor die balans tussen eenheid en verskeidenheid in Afrikaanse kringe vorentoe te neem. Dit kan ook deurslaggewend wees om gespreksgenote se bona fides te bepaal en/of te bevestig – eerder as om ras, kerklidmaatskap, politieke affiliasie, of enige ander irrelevante as maatstaf te gebruik.

- Hieruit volg in die **tweede plek** dat daar 'n groter verdraagsaamheid tussen Afrikaners onderling en Afrikaners en Afrikaanses moet wees. Daar is nie meer 'n eksklusiewe groep "ware Afrikaners" nie; of ten minste, daar behoort nie so iets te wees

nie. Die begrip *Afrikaner* omvat 'n verskeidenheid politieke standpunte, geloofstandpunte en kultuurstandpunte. Dit is ook duidelik dat vir sowel politieke as prinsipiële redes daar nie meer plek vir "ras" in die debat is nie, en ook nie vir verskuilde rassisme nie. In 'n onlangse informele gesprek het 'n groep Afrikaanses (wit en bruin) begin om 'n vertrouensbasis te bou waarvandaan gewerk kan word.

- **Derdens** vereis hierdie analises dat Afrikaners in hulle balansering van eenheid en verskeidenheid, *gelykberegtiging* as 'n beginsel moet aanvaar en uitleef. So kan Afrikaans byvoorbeeld net in 'n ware veeltalige konteks bevorder word. Ek kan byvoorbeeld net oor swak dienslewering kla as ek ook oor die buurman in die voorheen swart woongebied se dienslewering bekommerd is en dit wys – anders sal ons nooit die geloofwaardigheid hê om ernstig deur ander opgeneem te word nie.

- **Vierdens** moet Afrikaners begin gewoond raak aan 'n "kollektiewe leierskap". Die (politieke) Leier (met 'n hoofletter) is deel van die verlede, en sal nooit weer in die toekoms opstaan nie. Verskillende leiers uit verskillende samelewingskringe moet sáám voor loop. Miskien is 'n Afrikaanse taalraad 'n begin, maar ek is persoonlik eerder ten gunste van die Afrikaanse ekwivalent van 'n Raad van Joodse Afgevaardigdes. 'n Afrikaanse Raad van Afgevaardigdes, bestaande uit, sê twintig, leiers op verskillende gebiede. So 'n raad kan namens die breë Afrikaanse gemeenskap praat en as dit nodig is, optree.

- **En ten slotte** lyk dit vir my uit die analises dat ons 'n nuwe Afrikaner nodig het om die nuwe Suid-Afrika te laat slaag. Bobby Godsell het onlangs gesê dat in die Suid-Afrikaanse politiek 'n mens net twee dinge moet onthou: Die eerste is dat meer as 75 % van die mense in die land swart (*Africans*) is; die tweede is dat indien die oorblywende 25 % nie ook by die toekoms betrokke is nie, is die land, sagkens gestel, in sy dinges in. En die Afrikaner en Afrikaanses is deel van hierdie 25 %.

Die "nuwe Afrikaner" wat die land nodig het, moet dus aktief deel wees van die soeke na oplossings, na versoening, na 'n beter regering, na beter sportprestasies, na beter akademiese prestasies en na beter kultuurprestasies, en so meer.

Net so belangrik: die nuwe Afrikaner moet toegelaat word om dit te doen, omdat hulle sigbare verbondenheid aan die nuwe Suid-Afrika dit onmoontlik (moet) maak om hulle weg te skuif. Die nuwe Afrikaner moet nie met die rassekaart oor die kop geslaan word nie, of

getipeer word in terme van daardie familie wat ons almal het maar vir wie ons ietwat skaam is nie.

Die nuwe Afrikaner vir die nuwe Suid-Afrika is êrens in die matriks tussen die eksklusief weerstandiges, die passief-weerstandiges, die inklusiewe bevorderaars en die aktiewe bevorderaars.

Kom ons sit die debat voort en vind hom en haar in my en jou, anders is dit neusie verby met die nuwe Suid-Afrika en ons almal se toekoms.